As die nuwe voorsitter van Old Mutual Unit Trusts is dit vir my aangenaam om aan u te skryf. My kollega en voorganger, Paul Hanratty, is aangestel as uitvoerende hoof van Old Mutual se Langtermynspaar-afdeling in Londen, en ook as voorsitter van Old Mutual Lewensversekerings-maatskappy (Suid-Afrika) Beperk.

Ek hoef u waarskynlik nie te herinner aan die feit dat 2009 'n jaar vol uitdagings en verrassings was nie. Vol uitdagings as gevolg van volgehoue en uiterste onbestendigheid in die markte; vol verrassings omdat die plaaslike aandelemark teen die jaareinde 'n indrukwekkende 32.1% hoër was — ondanks al die onbestendigheid en Suid-Afrika se eerste resessie in 20 jaar.

Die wêreld het egter nog nie heeltemal herstel nie en ekonomieë sukkel nog om die naskok af te skud van wat sekerlik die ergste finansiële krisis is wat die wêreld in die onlangse geskiedenis beleef het. Die amperse skuldwanbetaling van Dubai World in die vierde kwartaal en Griekeland se twyfelagtige finansiële posisie is goeie voorbeelde hiervan.

Data dui egter daarop dat die wêreldwye herstel stadig weer op dreef kom, terwyl meer lande weer positiewe groei toon en volhou. Oor die algemeen het ontluikende markte sterker herstel as ontwikkelde markte, as gevolg van 'n swak Amerikaanse dollar en skerp stygende kommoditeitspryse.

Aan die tuisfront is ons herstel ook op dreef, al gebeur dit teen 'n stadige pas. Dit behoort egter later in die jaar momentum te kry — veral in die lig van die Sokkerwêreldbeker.

Hoewel 'n sterk rand en werkverliese steeds 'n remskoen is, en maatskappywins onder druk verkeer, is daar 'n paar ligpunte soos die verbetering in uitvoer, die terugkeer van buitelandse beleggings en openbaresektor-besteding wat die ekonomie 'n welkome hupstoot gee.

Hoewel nog 'n rentekoersverlaging van 50 basispunte nie uitgesluit is nie, verwag ons nie eintlik rentekoersverlagings gedurende 2010 nie, aangesien inflasie waarskynlik aan die bokant van die Suid-Afrikaanse Reserwebank se teikenband van 3% - 6% sal bly. Dit is as gevolg van die bedreiging van skerp verhogings in elektrisiteitspryse, die vertraagde uitwerking van loonverhogings na die 2009-staakseisoen en 'n al hoe duurder staatsdienssektor — insluitend onderwys en munisipale tariewe.

Verlede jaar het die voorsitter in sy brief daarop gewys dat ons in Old Mutual se 163 jaar lange geskiedenis gesien het hoe voortstormende bulle en briesende bere geweldige markonbestendigheid veroorsaak. By Old Mutual beveel ons steeds aan dat ons beleggers by gesonde beleggingsbeginsels hou en hulle nie laat afskrik deur die vrees en hebsug waarop soveel swak beleggingsbesluite gegrond is nie. Kortom, maak seker dat u beleggingsportefeulje so saamegestel is dat dit aan u langtermynbeleggingsdoelwitte beantwoord, en hersien dit van tyd tot tyd om seker te maak dat die portefeulje steeds daaraan voldoen.

Dit beteken u moet seker maak dat u beleggings oor bateklasse en ekonomieë gediversifiseer is, en 'n langtermynsiening is belangrik: onthou altyd dat dit tyd in die mark is wat welvaart bou. Dit help nie om tydsberekening op die mark te probeer toepas nie. Ondanks al die stygings en dalings en die versoeking om in onbestendige tye uit aandelemarkte pad te gee, word langtermynbeleggers immers beloon vir die risiko om aandele in hul portefeulje te hou. Hou ook in gedagte dat die algemene marktendens opwaarts is oor die lang termyn.

As u bewys hiervan nodig het, kyk maar net na Old Mutual High Yield Opportunity Fund, wat in November 1998 bekend gestel is. Indien u destyds 'n enkelbedrag van R100 000 belê het, sou u op 31 Desember 2009 'n stewige bedrag van R932 649 gehad het. Dit is ver bo die inflasie-ekwivalente opbrengs, wat maar net R184 463 sou gelewer het. En dít ondanks die feit dat hierdie tydperk nie net die jongste markineenstorting insluit nie, maar ook die 1998/9-krisis in ontluikende markte (waartydens ons mark met 42.3% geval het van hoogte- tot laagtepunt) en die nasleep van die tegnologieborrel in 2002 (-37.0% van hoogte- tot laagtepunt). Hierdie fonds lewer ook 'n goeie voorbeeld van hoe dividende oor die lang termyn welvaart vermeerder. 'n Belegger wat by aanvang in hierdie fonds belê het, sou nou 'n kumulatiewe dividend van 168.3% op die aanvanklike beleggingsbedrag ontvang het, en die huidige dividendopbrengs van hierdie fonds op 'n belegging wat by aanvang aangegaan is, is 26.2%. 'n Langtermynperspektief werp duidelik vrugte af!

Hoogtepunte van 2009

Hoewel 2009 'n moeilike jaar was, het dit ons geensins van stryk gebring nie, maar eerder aangespoor. En soos ons by ons beleggers aanbeveel, het ons hard gewerk om langtermynplanne vir 'n toekoms van suksesvolle belegging namens ons kliënte te skep. In die loop van die jaar het ons ook stewige opbrengste bo die inflasiekoers gelewer.

Prestasie:

Dit is besonder aangenaam om te kan meld dat ons batebestuurders, Old Mutual Investment Group South Africa (OMIGSA), uitsonderlike prestasie gelewer het aan Old Mutual se kliënte in die algemeen en ons effektetrustkliënte in die besonder.

- Twee sertifikate is by die 2009 Raging Bull-toekennings ontvang, deur Old Mutual Income Fund en Old Mutual Mining & Resources Fund. Die Old Mutual Mining & Resources Fund het ook 'n Morningstar-toekenning ontvang.
- Vier algemene aandelefondse was onder die top 10 in hul kategorie van altesaam 77 fondse, vir die 12 maande tot einde Desember 2009:
  - Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund: 35.9% (4de)
  - Old Mutual Growth Fund: 34.1% (7de)
  - Old Mutual High Yield Opportunity Fund: 33.7% (8ste)
  - Old Mutual Top Companies Fund: 33.4% (10de)
- Drie van ons batetoewysingsfondse wat deur Makrostrategie-beleggings bestuur word, het ook baie goed presteer oor hierdie tydperk, en in die topkwartiel van hul onderskeie kategorieë geëindig oor die 12-maandetydperk:
  - Old Mutual Flexible Fund: 25.6% (7de uit 52 fondse)
  - Old Mutual Balanced Fund: 18.5% (11de uit 49 fondse)
  - Old Mutual Stable Growth Fund: 12.6% (7de uit 50 fondse)
- Die Old Mutual Money Market Fund het uitstekend presteer, en was aan die einde van die jaar in die topkwartiel van sy sektor oor 1, 2, 3, 4 en 5 jaar. Hierdie buitengewone prestasie het die fondsgrootte van net onder R2 miljard tot R10 miljard laat aangroei in die loop van 2009.

Bekendstellings en samesmeltings:

Na OMIGSA se verkryging van Futuregrowth Asset Management is 'n aantal duplikaatfondse met Old Mutual Unit Trusts se bestaande reeks geïntegreer. Ons het ook drie nuwe fondse by ons al hoe meer omvattende reeks gevoeg: Old Mutual Active Quant Equity Fund, Old Mutual Futuregrowth Global Index Fund of Funds en Futuregrowth Albaraka Equity Fund.

Met die byvoeging van laasgenoemde is ons nou beter in staat om aan die behoeftes van ons Moslem-kliënte te beantwoord. Aangesien Futuregrowth nou sterk gevestig is as die spesialisvaste-inkomsteboetiek in die OMIGSA-reeks, word Futuregrowth Albaraka Equity Fund deur die Kwantitatiewe Beleggingsboetiek bestuur ter erkenning van die Shari'ah-vereistes rondom blootstelling aan rente-inkomste.

Vooruitskouend in 2010

Die vooruitsig van 'n verbetering in die ekonomie en die oplossing van die bankkrisis wat die wêreldekonomie so gedestabiliseer het, is verblydend. Die groter stabiliteit sal ons tyd gee om asem te skep en ons posisie in oënskou te neem. Hoewel aandele die bateklas bly wat die grootste kans het om oor die lang termyn groei te lewer wat inflasie klop, moet beleggers in gedagte hou dat ons markte reeds beduidend herstel het. Na hierdie veranderings in die markte en ekonomie is dit 'n ideale tyd om met u finansiële adviseur te gesels, om seker te maak dat u portefeulje in ooreenstemming met u behoeftes saamgestel is.

Ons wens u 'n jaar van goeie beleggingsbesluite toe.



Mike Harper
Voorsitter: Old Mutual Unit Trusts

		Old Mutual Active Quant Equity Fund	Old Mutual Balanced Fund	Old Mutual Bond Fund	Old Mutual Capital Builder Fund	Old Mutual Dynamic Floor Fund	Old Mutual Enhanced Income Fund	Old Mutual Financial Services Fund
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009								
Netto inkomste/(verlies) uit werksaamhede voor finansieringskoste		41 224	266 443	(2 872)	35 159	353 515	128 072	119 189
Totale finansieringskoste		1 458	44 126	36 248	15 239	161 850	189 497	9 424
Uitkerings		1 458	44 112	36 248	15 239	161 850	189 497	9 424
Terughoubelasting op buitelandse dividende		-	14	-	-	-	-	-
Verandering in netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**39 766**	**222 317**	**(39 120)**	**19 920**	**191 665**	**(61 425)**	**109 765**
BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009								
Totale bates		214 586	1 786 611	465 600	435 361	2 564 659	2 498 887	481 298
Totale laste, met uitsluiting van netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		1 649	23 958	19 626	8 853	74 184	47 206	4 070
Netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**212 937**	**1 762 653**	**445 974**	**426 508**	**2 490 475**	**2 451 681**	**477 228**
Laaste gepubliseerde prys (31/12/2009)	(Klas A)	4 009.20	833.39	-	210.66	315.16	239.82	702.17
	(Klas R)	-	833.47	341.43	-	-	-	703.11
Portefeuljesamestelling (%)								
Kontant en kontantekwivalente *		2.45	4.77	2.32	9.95	15.54	18.02	0.52
Geldmarkinstrumente		-	4.84	-	12.67	52.64	25.05	-
Afgeleide instrumente teen billike waarde		-	-	-	-	0.28	-	-
Effekte		-	11.48	97.68	-	9.57	54.36	-
Plaaslike effektetrusts		-	13.25	-	-	-	-	-
Buitelandse effektetrusts		-	3.41	-	-	-	-	-
Plaaslike aandele		97.55	61.84	-	77.39	21.96	2.57	99.48
Buitelandse aandele		-	0.41	-	-	-	-	-
*** Slegs kapitaal, lopende en daggelddeposito's is ingesluit.**								
Beleggingsprestasie (% p.j.)								
1 jaar	(Klas A)	26.6	18.6	-	10.7	15.3	5.6	29.6
	(Klas R)	-	18.5	-1.3	-	-	-	30.0
3 jaar	(Klas A)	4.5	-	-	-	7.8	8.7	-
	(Klas R)	-	4.7	6.5	-	-	-	3.0
5 jaar	(Klas A)	15.9	-	-	-	10.8	9.4	-
	(Klas R)	-	13.9	6.9	-	-	-	14.9
7 jaar	(Klas A)	19.6	-	-	-	12.2	-	-
	(Klas R)	-	16.4	9.6	-	-	-	20.0
Inkomste-uitkering (sent per onderaandeel)								
Maart 2009	(Klas A)	-	-	-	-	-	5.67	-
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Junie 2009	(Klas A)	49.42	14.05	-	5.58	11.99	4.81	7.63
	(Klas R)	-	13.07	13.58	-	-	-	8.43
September 2009	(Klas A)	-	-	-	-	-	4.26	-
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Desember 2009	(Klas A)	27.36	10.57	-	1.73	7.75	4.38	4.43
	(Klas R)	-	10.64	14.15	-	-	-	5.36
Totale Onkosteverhouding (TOV)								
Persentasie per klas (%)	(Klas A)	0.93	1.65	-	1.64	1.36	1.14	1.44
	(Klas R)	-	1.30	0.86	-	-	-	1.16
Prestasiefooi-komponent van TOV	(Klas A)	N.V.T.	0.64	N.V.T.	0.60	0.34	N.V.T.	N.V.T.

		Old Mutual Flexible Fund	Four Plus Capital Fund of Funds	Four Plus Global Fund of Funds	Four Plus Growth Fund of Funds	Four Plus Secure Fund of Funds	Old Mutual Futuregrowth Albaraka Equity Fund	Old Mutual Futuregrowth Global Index Fund of Funds
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009								
Netto inkomste/(verlies) uit werksaamhede voor finansieringskoste		94 320	4 235	18 041	46 099	2 112	(179 562)	(7 196)
Totale finansieringskoste		8 575	2 842	2 098	10 870	2 536	17 084	789
Uitkerings		8 568	2 842	2 098	10 870	2 536	17 084	789
Terughoubelasting op buitelandse dividende		7	-	-	-	-	-	-
Verandering in netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**85 745**	**1 393**	**15 943**	**35 229**	**(424)**	**(196 646)**	**(7 985)**
BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009								
Totale bates		467 300	38 113	200 671	356 010	34 281	893 575	38 671
Totale laste, met uitsluiting van netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		3 950	1 294	983	4 268	625	9 085	78
Netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**463 350**	**36 819**	**199 688**	**351 742**	**33 656**	**884 490**	**38 593**
Laaste gepubliseerde prys (31/12/2009)	(Klas A)	783.50	280.51	359.99	452.05	208.53	977.12	-
	(Klas R)	786.36	-	-	-	-	-	405.96
Portefeuljesamestelling (%)								
Kontant en kontantekwivalente *		16.84	3.27	21.86	0.25	1.48	1.74	0.69
Geldmarkinstrumente		-	-	-	-	-	-	-
Afgeleide instrumente teen billike waarde		-	-	-	-	-	-	-
Effekte		0.92	-	-	-	-	-	-
Plaaslike effektetrusts		9.11	96.73	46.14	97.87	98.52	-	-
Buitelandse effektetrusts		4.52	-	32.00	1.88	-	-	-
Plaaslike aandele		67.50	-	-	-	-	88.42	-
Buitelandse aandele		1.11	-	-	-	-	9.84	99.31
*** Slegs kapitaal, lopende en daggelddeposito's is ingesluit.**								
Beleggingsprestasie (% p.j.)								
1 jaar	(Klas A)	25.3	12.0	9.9	14.7	6.5	16.7	-
	(Klas R)	25.6	-	-	-	-	-	5.1
3 jaar	(Klas A)	-	7.1	-2.1	3.7	8.5	-2.3	-
	(Klas R)	6.0	-	-	-	-	-	- 2.4
5 jaar	(Klas A)	-	8.8	8.2	11.4	7.4	11.7	-
	(Klas R)	15.5	-	-	-	-	-	7.8
7 jaar	(Klas A)	-	9.6	8.2	14.6	7.9	15.5	-
	(Klas R)	18.3	-	-	-	-	-	4.8
Inkomste-uitkering (sent per onderaandeel)								
Maart 2009	(Klas A)	-	-	-	-	5.03	-	-
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Junie 2009	(Klas A)	10.44	12.40	2.38	8.84	3.61	11.68	-
	(Klas R)	9.57	-	-	-	-	-	-
September 2009	(Klas A)	-	-	-	-	4.18	-	-
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Desember 2009	(Klas A)	3.82	8.90	1.32	4.92	3.29	-	-
	(Klas R)	6.69	-	-	-	-	-	-
Totale Onkosteverhouding (TOV)								
Persentasie per klas (%)	(Klas A)	1.72	2.21	2.35	2.05	2.00	1.85	-
	(Klas R)	1.36	-	-	-	-	-	1.60
Prestasiefooi-komponent van TOV	(Klas A)	0.65	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.

		Old Mutual Global Bond Feeder Fund	Old Mutual Global Equity Fund	Old Mutual Global Technology Fund	Old Mutual Gold Fund	Old Mutual Growth Fund	Old Mutual High Yield Opportunity Fund	Old Mutual Income Fund
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009								
Netto inkomste/(verlies) uit werksaamhede voor finansieringskoste		(892)	(113)	22 872	73 252	378 269	374 001	84 568
Totale finansieringskoste		2 243	24 133	140	92	21 519	64 722	96 164
Uitkerings		2 243	16 631	-	-	21 537	64 722	96 164
Terughoubelasting op buitelandse dividende		-	7 502	140	92	(18)	-	-
Verandering in netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**(3 135)**	(24 246)	**22 732**	**73 160**	**356 750**	**309 279**	**(11 596)**
BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009								
Totale bates		69 805	1 391 430	77 967	617 414	1 389 236	1 522 705	1 256 804
Totale laste, met uitsluiting van netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		1 194	6 073	221	2 118	6 564	25 443	29 326
Netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**68 611**	**1 385 357**	**77 746**	**615 296**	**1 382 672**	**1 497 262**	**1 227 478**
Laaste gepubliseerde prys (31/12/2009)	(Klas A)	299.45	597.32	150.44	831.90	1 694.52	1 180.88	-
	(Klas R)	-	607.35	-	837.68	1 697.87	-	120.64
Portefeuljesamestelling (%)								
Kontant en kontantekwivalente *		13.39	4.44	0.55	7.17	6.35	4.02	6.96
Geldmarkinstrumente		-	-	-	-	-	-	25.35
Afgeleide instrumente teen billike waarde		-	-	-	-	-	-	-
Effekte		-	-	-	-	-	-	67.69
Plaaslike effektetrusts		-	-	-	-	-	-	-
Buitelandse effektetrusts		86.61	-	-	-	-	-	-
Plaaslike aandele		-	-	14.45	75.94	93.65	95.98	-
Buitelandse aandele		-	95.56	85.00	16.89	-	-	-
*** Slegs kapitaal, lopende en daggelddeposito's is ingesluit.**								
Beleggingsprestasie (% p.j.)								
1 jaar	(Klas A)	-0.5	-1.2	35.6	14.1	33.7	33.7	-
	(Klas R)	-	-0.3	-	14.9	34.1	-	7.7
3 jaar	(Klas A)	8.2	-8.8	2.2	-	-	2.6	-
	(Klas R)	-	-7.9	-	0.3	7.3	-	10.1
5 jaar	(Klas A)	9.4	5.5	8.1	-	-	13.1	-
	(Klas R)	-	6.4	-	15.6	18.1	-	8.9
7 jaar	(Klas A)	4.2	4.4	6.8	-	-	20.9	-
	(Klas R)	-	5.2	-	6.2	22.5	-	9.8
Inkomste-uitkering (sent per onderaandeel)								
Maart 2009	(Klas A)	-	-	-	-	-	-	-
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	2.97
Junie 2009	(Klas A)	6.30	3.54	-	-	19.68	35.10	-
	(Klas R)	-	5.97	-	-	20.48	-	2.67
September 2009	(Klas A)	-	-	-	-	-	-	-
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	2.47
Desember 2009	(Klas A)	4.64	-	-	-	3.06	18.49	-
	(Klas R)	-	2.43	-	-	6.40	-	2.42
Totale Onkosteverhouding (TOV)								
Persentasie per klas (%)	(Klas A)	1.73	2.11	2.50	1.74	1.49	1.42	-
	(Klas R)	-	1.24	-	1.16	1.15	-	0.86
Prestasiefooi-komponent van TOV	(Klas A)	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	0.63	N.V.T.	N.V.T.

		Old Mutual Industrial Fund	Old Mutual International Growth Fund of Funds	Old Mutual Investors' Fund	Old Mutual Mining & Resources Fund	Old Mutual Money Market Fund	Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund	Old Mutual Real Income Fund
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009								
Netto inkomste/(verlies) uit werksaamhede voor finansieringskoste		151 551	(1 440)	1 818 094	439 460	777 871	80 359	30 952
Totale finansieringskoste		8 017	-	85 036	9 662	777 730	6 106	20 179
Uitkerings		8 017	-	85 036	9 635	777 730	6 106	20 179
Terughoubelasting op buitelandse dividende		-	-	-	27	-	-	-
Verandering in netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**143 534**	**(1 440)**	**1 733 058**	**429 798**	**141**	**74 253**	**10 773**
BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009								
Totale bates		671 598	124 211	8 000 176	1 579 596	9 024 332	301 285	354 930
Totale laste, met uitsluiting van netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		3 206	261	37 253	31 403	59 514	2 477	5 189
Netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**668 392**	**123 950**	**7 962 923**	**1 548 193**	**8 964 818**	**298 808**	**349 741**
Laaste gepubliseerde prys (31/12/2009)	(Klas A)	986.51	197.72	20 037.12	6 747.36	100.00	194.14	211.73
	(Klas R)	987.81	-	20 038.89	6 754.96	-	-	-
Portefeuljesamestelling (%)								
Kontant en kontantekwivalente *		3.62	3.48	0.80	3.05	100.00	1.37	3.84
Geldmarkinstrumente		-	-	-	-	-	-	22.45
Afgeleide instrumente teen billike waarde		-	-	-	-	-	0.01	-
Effekte		0.04	-	-	-	-	-	40.03
Plaaslike effektetrusts		-	-	-	-	-	-	-
Buitelandse effektetrusts		-	96.52	-	-	-	-	-
Plaaslike aandele		96.34	-	99.20	86.20	-	98.62	33.68
Buitelandse aandele		-	-	-	10.75	-	-	-
Beleggingsprestasie (% p.j.)								
1 jaar	(Klas A)	27.6	-1.1	28.2	42.8	9.3	35.9	11.0
	(Klas R)	27.9	-	28.3	43.2	-	-	-
3 jaar	(Klas A)	6.5	-4.8	-	-	10.2	-	7.9
	(Klas R)	-	-	5.5	15.0	-	-	-
5 jaar	(Klas A)	15.9	6.1	-	-	8.9	-	-
	(Klas R)	-	-	16.5	29.4	-	-	-
7 jaar	(Klas A)	24.4	3.5	-	-	9.2	-	-
	(Klas R)	-	-	20.2	24.0	-	-	-
Inkomste-uitkering (sent per onderaandeel)								
Maart 2009	(Klas A)	-	-	-	-	-	-	4.13
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Junie 2009	(Klas A)	8.84	-	135.43	33.83	-	2.26	4.25
	(Klas R)	9.65	-	144.96	40.39	-	-	-
September 2009	(Klas A)	-	-	-	-	-	-	3.47
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Desember 2009	(Klas A)	1.44	-	63.84	5.69	-	1.13	2.90
	(Klas R)	2.74	-	65.60	13.28	-	-	-
Totale Onkosteverhouding (TOV)								
Persentasie per klas (%)	(Klas A)	1.44	2.92	1.09	1.44	0.58	0.91	1.39
	(Klas R)	1.15	-	1.14	1.16	-	-	-
Prestasiefooi-komponent van TOV	(Klas A)	N.V.T.	N.V.T.	0.23	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.

*** Slegs kapitaal, lopende en daggelddeposito's is ingesluit.**

		Old Mutual SA Quoted Property Fund	Old Mutual Small Companies Fund	Old Mutual Stable Growth Fund	Symmetry Balanced Fund of Funds	Symmetry Defensive Fund of Funds	Symmetry Equity Fund of Funds	Symmetry Fixed Interest Fund of Funds
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009								
Netto inkomste/(verlies) uit werksaamhede voor finansieringskoste		184 203	151 069	30 019	509 931	485 156	39 478	16 221
Totale finansieringskoste		94 950	17 773	13 088	110 139	122 920	3 392	19 280
Uitkerings		94 950	17 773	13 081	110 139	122 920	3 392	19 280
Terughoubelasting op buitelandse dividende		-	-	7	-	-	-	-
Verandering in netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**89 253**	**133 296**	**16 931**	**399 792**	**362 236**	**36 086**	**(3 059)**
BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009								
Totale bates		1 515 358	558 706	301 715	3 568 961	4 310 536	172 950	254 604
Totale laste, met uitsluiting van netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		9 651	6 614	6 391	13 748	22 752	3 459	4 424
Netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**1 505 707**	**552 092**	**295 324**	**3 555 213**	**4 287 784**	**169 491**	**250 180**
Laaste gepubliseerde prys (31/12/2009)	(Klas A)	483.49	864.67	200.20	523.24	412.47	543.81	226.68
	(Klas R)	-	869.77	-	-	-	-	-
Portefeuljesamestelling (%)								
Kontant en kontantekwivalente *		2.57	3.68	9.91	0.05	0.04	0.11	0.10
Geldmarkinstrumente		-	-	17.04	-	-	-	-
Afgeleide instrumente teen billike waarde		-	-	0.01	-	-	-	-
Effekte		-	-	29.81	-	-	-	-
Plaaslike effektetrusts		-	-	6.28	99.95	99.96	99.89	99.90
Buitelandse effektetrusts		-	-	6.73	-	-	-	-
Plaaslike aandele		97.43	96.32	29.08	-	-	-	-
Buitelandse aandele		-	-	1.14	-	-	-	-
*** Slegs kapitaal, lopende en daggelddeposito's is ingesluit.**								
Beleggingsprestasie (% p.j.)								
1 jaar	(Klas A)	13.7	26.1	12.6	18.0	13.1	28.3	6.8
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
3 jaar	(Klas A)	10.0	0.1	-	7.8	7.2	3.8	8.5
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
5 jaar	(Klas A)	18.9	13.5	-	15.1	11.7	16.1	8.7
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
7 jaar	(Klas A)	-	22.4	-	16.9	14.6	17.9	9.5
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Inkomste-uitkering (sent per onderaandeel)								
Maart 2009	(Klas A)	13.74	-	-	10.36	5.74	-	5.38
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Junie 2009	(Klas A)	3.51	11.63	6.20	2.29	2.03	-	4.10
	(Klas R)	-	13.59	-	-	-	-	-
September 2009	(Klas A)	13.82	-	-	3.45	2.54	-	4.07
	(Klas R)	-	-	-	-	-	-	-
Desember 2009	(Klas A)	2.49	4.46	4.03	2.14	2.29	11.18	3.96
	(Klas R)	-	9.56	-	-	-	-	-
Totale Onkosteverhouding (TOV)								
Persentasie per klas (%)	(Klas A)	1.43	1.72	1.57	1.88	1.53	1.45	1.19
	(Klas R)	-	1.15	-	-	-	-	-
Prestasiefooi-komponent van TOV	(Klas A)	N.V.T.	N.V.T.	0.36	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.

		Old Mutual Top 40 Fund	Old Mutual Top Companies Fund	Old Mutual UK Money Market Fund of Funds	Old Mutual Value Fund
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009					
Netto inkomste/(verlies) uit werksaamhede voor finansieringskoste		59 409	252 461	(39 525)	241 501
Totale finansieringskoste		4 094	16 738	8 910	8 900
Uitkerings		4 094	16 763	8 910	8 900
Terughoubelasting op buitelandse dividende		-	(25)	-	-
Verandering in netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**55 315**	**235 723**	**(48 435)**	**232 601**
BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009					
Totale bates		253 652	977 982	394 380	897 323
Totale laste, met uitsluiting van netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		7 067	5 228	1 757	3 418
Netto bates toeskryfbaar aan onderaandeelhouers		**246 585**	**972 754**	**392 623**	**893 905**
Laaste gepubliseerde prys (31/12/2009)	(Klas A)	503.51	1 878.11	211.70	1 273.96
	(Klas R)	-	1 880.29	-	1 277.47
Portefeuljesamestelling (%)					
Kontant en kontantekwivalente *		0.08	4.86	10.70	2.19
Geldmarkinstrumente		-	-	-	-
Afgeleide instrumente teen billike waarde		0.01	-	-	-
Effekte		-	-	-	-
Plaaslike effektetrusts		-	-	-	-
Buitelandse effektetrusts		-	-	89.30	-
Plaaslike aandele		99.91	95.14	-	97.81
Buitelandse aandele		-	-	-	-
*** Slegs kapitaal, lopende en daggelddeposito's is ingesluit.**					
Beleggingsprestasie (% p.j.)					
1 jaar	(Klas A)	30.4	33.1	- 10.5	35.3
	(Klas R)	-	33.3	-	35.6
3 jaar	(Klas A)	5.2	-	- 0.8	-
	(Klas R)	-	6.2	-	5.0
5 jaar	(Klas A)	18.5	-	5.3	-
	(Klas R)	-	16.0	-	15.1
7 jaar	(Klas A)	18.0	-	1.0	-
	(Klas R)	-	21.1	-	21.8
Inkomste-uitkering (sent per onderaandeel)					
Maart 2009	(Klas A)	3.65	-	2.10	-
	(Klas R)	-	-	-	-
Junie 2009	(Klas A)	1.22	24.36	1.59	9.76
	(Klas R)	-	25.28	-	-
September 2009	(Klas A)	2.84	-	0.79	-
	(Klas R)	-	-		-
Desember 2009	(Klas A)	0.51	5.66	0.86	0.52
	(Klas R)	-	7.84	-	-
Totale Onkosteverhouding (TOV)					
Persentasie per klas (%)	(Klas A)	0.74	1.38	0.67	1.60
	(Klas R)	-	1.15	-	1.16
Prestasiefooi-komponent van TOV	(Klas A)	N.V.T.	0.51	N.V.T.	0.73

STATUTÊRE INLIGTING:

Slegs die A- en R-klas fondsportefeuljes is by hierdie Verkorte Jaarverslag ingesluit. 'n Fondsportefeulje is dieselfde vir al die onderskeie klasse van daardie fonds. Verskillende klasse weerspieël bloot verskillende fooistrukture — nie verskillende portefeuljesamestellings nie. Die A- en R-klasse is vir hierdie Jaarverslag gekies omdat hulle die enigste twee klasse onderaandele is wat 'n kleinhandelsbelegger regstreeks by Old Mutual Unit Trust Managers Limited kan koop. Let daarop dat volledige besonderhede van al die klasse in die volledige Jaarverslag beskikbaar is. Alle prestasiesyfers is gegrond op enkelbedragbeleggings tot Desember 2009. Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum kommissie is by die maatskappy verkrygbaar. U kan u belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (soos bereken om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund en Old Mutual Top 40 Fund). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA.

Portefeuljeprestasie word op 'n NBW-NBW-grondslag bereken en neem nie aanvangsfooie in ag nie. Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal verskil, gebaseer op die aanvangsfooie wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum en die datum van herbelegging van inkomste.

Old Mutual Investment Group (South Africa) (Pty) Limited is 'n gelisensieerde finansiële diensverskaffer, FSP 604, goedgekeur deur die Registrateur van Finansiële Diensverskaffers (www.fsb.co.za) om tussengangerdienste en advies te lewer ooreenkomstig die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, Nr. 37 van 2002. Old Mutual Investment Group is 'n volfiliaal van Old Mutual (South Africa) Limited. Reg.nr. 1993/003023/07.

Die handelsmerke Research Affiliates®, Fundamental Index®, Fundamentals Weighted™ en RAFI® is die eksklusiewe intellektuele eiendom van en word gebruik onder lisensie van Research Affiliates, LLC. Enige gebruik van hierdie handelsname en logo's sonder die vooraf skriftelike toestemming van Research Affiliates, LLC word uitdruklik verbied. Fundamental Index®, die nie-kapitaliseringsmetode om 'n indeks van sekuriteite te skep en te weeg, is die patent-goedgekeurde eiendom van Research Affiliates, LLC (Patent toegestaan. Publ.nrs. US-2005-0171884-A1, US-2006-0015433-A1, US-2006-0149645-A1, US-2007-0055598-A1, WO 2005/076812, WO 2007/078399 A2 en EPN 1733352).

Let wel: Hierdie Verkorte Jaarverslag bevat beperkte inligting oor Old Mutual se kleinhandelsfondse. Vir meer volledige inligting oor hierdie fondse, besoek gerus www.omut.co.za of skakel 0860 234 234.

Old Mutual Unit Trust Managers Limited (Registrasienr. 1965/008471/06)

Straatadres:	Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405
Posadres:	Posbus 207, Kaapstad 8000
Telefoon:	(021) 503 1770 - Kliëntesteun
Hulplyn:	0860 234 234
Faksimilee:	(021) 509 7100 - Kliëntesteun
E-pos:	unittrusts@oldmutual.com
Internet:	www.omut.co.za

Gedruk op papier wat vervaardig is met besorgdheid oor die omgewing. Om te wys dat u omgee vir die omgewing, kies om u korrespondensie voortaan elektronies te ontvang, deur ons dienssentrum te skakel.